menlo-insig

Insig 30 /2025 - 30 Oktober 2025

LIEWE MENLO

My ma het altyd gesê dat dit 'n goeie teken is as die eerste somerreën eers na die 10de Oktober uitsak. Behalwe dat my ma altyd (dink sy) weet wanneer ons koud kry, weet sy nie veel van weervoorspelling nie. Die somerprag wat soos klokslag volg nadat die eerste reën die wintervaal weggespoel het, laat my dink dat my ma dalk tog insig in die weerpatroon het. Die pragtige jakarandas het die ganse stad in vervoering en skielik is nie net die omgewing nie, maar ook die gemoedere in helder skakerings van somer getooi.

Die laaste paar dae staan ek opnuut verwonderd oor ons pragtige omgewing. Stap jy – ons matrieks hardloop nie meer nie – uit juffrou Claassen se klas in die A-blok na mnr. Grové se klas op die hoogste pieke van Menlopark, word jy met 'n toevallige, dog intense kardiovaskulêre oefensessie én 'n poskaartmooi uitsig oor die horison bederf. Sover as wat die oog kan sien, verf die jakarandas die strate pers. My ma - ek besef nou eers dat sy nie net 'n weerkenner is nie, maar ook 'n botanikus - vertel dat jakarandas eintlik uitheems is. Só uitheems is hierdie pragtige blommetjieskombers dat dit selfs onwettig is om nuwes te plant. "Ons het wat ons het," is wat my ma altyd sê as sy na die jakarandas verwys. Hier op die derde vloer in die Wiskundeklas dwaal my gedagtes (jammer, Meneer) terug na die jaar wat amper verby is en ek besef dat die pragtige jakarandas vir my 'n metafoor van 2024 is, want ons het wat ons het … en dit is genoeg.

Hier op Menlo-bodem is meer puik onderwysers as jakarandas in die stad. Elke Menloparker op Menlo-bodem word gevoed met genoeg entoesiasme, ywer, toewyding en deursettingsvermoë om optimale groei te verseker. Soms is dit nodig om bietjie te snoei, maar na elke snoeisessie, dikwels in die vorm van 'n moeilike toets en soms in die vorm van 'n uitdagende opdrag, rank ons weer na die son.

Toe die skoolklok 'n onverwagse einde aan my dagdromery maak, sien ek hoe die Parkies ritmies na die volgende klas skarrel. Van die boonste vloer sien ek die bloudruk van die natuur – soms voel dinge deurmekaar, maar daar is tog 'n patroon. My pa noem dit "method in the madness." Vir lank het ek nie mooi verstaan wat dit beteken nie. Tog word die natuur se ritme my eksperiment en die gevolgtrekking is dat die somer die winter sál verdryf. Die son sal altyd weer opkom.

Teen hierdie tyd het die somer die winterroes verdryf en pak ons elke dag volspoed aan. As Menlo-matrikulant is ek opgewonde oor die toekoms. In die Menlo-tuin waar ek geplant is, het ek gegroei en ontwikkel tot 'n selfversekerde jongmens wat nie kan wag om die lewe te leef nie. Die Menlo-bodem bied die perfekte kombinasie van grond, lig, hitte en water sodat elke Menloparker, met hulle gesigte na die son gedraai, die hoogste kan nastreef.



Hier, in die skadu van die pers kombers, het ek vanjaar my voete gevind; dankbaar vir die hede en opgewonde oor die toekoms.

My plek is Menlo!

KOMMUNIKASIE

BELANGRIKE DATUMS

3 November 2025	Somereksamen begin: Graad 8—9
4 November 2025	**Begroting 2026: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)**
	Die konsepbegroting word tydens hierdie vergadering aan ouers voorgelê en uiteengesit. Enige vrae en besprekings word verwelkom. Die konsepbegroting is vir die daaropvolgende veertien dae, ter insae, in die Forum by die skool beskikbaar.
18 November 2025	**Begroting 2026: Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting**
	(Ouditorium, 18:00)
	Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting deur middel van 'n stemproses goed te keur.

BL-TUSSENVERKIESING

Ouers is vandeesweek via Ed-admin in kennis gestel dat 'n BL-tussenverkiesing op 21 Januarie 2026 sal plaasvind. Let asseblief op die volgende datums in hierdie verband.

3 November 2025	Ouers ontvang 'n e-pos wat die tussenverkiesingsproses asook die rol van die BL uiteensit.
5 November 2025	Nominasies van ouerverteenwoordigers open.
12 November 2025	Nominasies van ouerverteenwoordigers sluit.
21 Januarie 2026	Nominasie- en ouerverkiesingsvergadering.

HANDBOEKE EN WERKBOEKE: 2026

- Ouers word daaraan herinner dat die proses om handboeke uit te deel en werkboeke aan te koop in November plaasvind. Die verloop van die proses is aan alle ouers ge-e-pos.

ED-ADMIN (Menlo-kode: 599649)

- Die *assessment*-funksie op Ed-admin is tans gedeaktiveer. Die funksie sal geheraktiveer word sodra alle punte gefinaliseer is.

'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Eksamen bly nou maar een maal eksamen.



Afrikaans: 100 jaar

Name van geldeenhede word in Afrikaans met kleinletters geskryf, bv. twee rand en twintig sent of vyftig dollar. Dit geld al is die teken vir rand 'n hoofletter-R.

Bron: Viva-taalwenk

AMFI-HOOGTEPUNTE

TOTSIENS, MATRIEKS!

'n Graad 12-jaar is 'n jaar vol laastes. Tog is daar aan die einde van die jaar ook 'n matriekeerste in die vorm van die graad 12-afsluitingsfunksie by die skool – 'n Menlo-tradisie wat vanjaar vier jaar oud is. Hierdie spesiale geleentheid het vandeesweek in die amfi plaasgevind — 'n nostalgiese oomblik waar die matrieks en hulle ouers vir die laaste keer as Parkies aangetree het.

Die afsluiting is deur 'n spesiale boodskap van elkeen van die sprekers in die Parkies se geheuebank geëts: Ds. James Kirkpatrick, mnr. Hartman en die hoofleiers van 2021, Christiaan Daniels en Lauren Coetser, wat met hulle eiesoortige lewensraad vir 'n paar glimlagte gesorg het. Ofskoon die Klas van 2025 die Menlo-bodem vir eers groet, word hulle onmiddellik in die Menlobond verwelkom.

Die hoogtepunt van die oggend was ongetwyfeld die erewag wat deur die personeel gevorm is. Elke matrikulant is op die naam geroep om hulle onderwysers vir oulaas in die oë te kyk.

Menlo is dankbaar vir die spore wat hierdie leerders agterlaat en het waardering vir die ondersteuning van die ouers gedurende die afgelope vyf jaar. Die skool bedank me. Hannas Smit en mnr. Kobus Erasmus vir die reëlings vir hierdie spesiale dag. Menlo trek nou laer om die matrieks en wens hulle 'n voorspoedige eindeksamen toe. Die Klas van 2025 is in ons harte.

AANKONDIGING VAN INTERHUISDIRIGENTE

Seuns aan die een kant!

Mendriano-Jody Abrahams, Keenan Bam, Roald Basson, Tiaan Boshoff, Jordan Botha, Christoff Breet, Lucca de Esclana, Phillip Delport, Aidan Dicks, Luke du Plessis, Franco du Plooy, Jannes Eksteen, Duan Grobler, JuanJoubert, Rawain Joubert, Jayden Koen, Martin Letlape, Sihle Mabona, Brian Makamu, Nathan Matthee, Cameron Pieters, Ruwan Smith, Dylan Stumke & George van der Westhuizen.

Dogters aan die ander kant!

Diné Barnard, Tayla Botha, Mia Collins, Nina Davel, Mia de Waal, Izelee Erasmus, Anke Erasmus, Láne Fouché, Jayde Gruen, Mila Lombard, Kayli Lombard, Zoe Louw, Talita Lubbe, Knowledge Masanga, Suzaan Müller, Chené Niemand, Livvy Pienaar, Carlia Potgieter, Kyli Rust, Jolané Sciocatti, Franzé Snyman, Lente Swanepoel, Nica Thuynsma & Zanté Uys.

OP MENLO-BODEM

LIGTE

Die skool se pragtige atletiekstadion spog met splinternuwe ligte. Lees gerus 'n paar interessante feite oor hierdie ingenieurswonders.

- Die nuwe LED-ligte gebruik beduidend minder krag as hulle voorgangers, maar is meer betroubaar.
- Die ligte is deur Musco, die grootste internasionale verskaffer van stadion-ligte, verskaf.
- Daar is 7 ligte per mas, 28 in totaal. Die presiese mashoogtes en masposisies is met behulp van 'n landmeter bepaal. Musco se ontwerp is hiervolgens gedoen om die ligvlakke oral op die veld en baan presies te beheer.
- Die oorspronklike maste (25 m hoog) is gebruik. Hierdie maste is in die vroeë 1990's ontwerp en geïnstalleer en deur 'n siviele ingenieur gekontroleer wat dit as veilig en geskik vir die installasie van die nuwe ligte verklaar het.
- Die ligte gee eweredige ligverspreiding oor die atletiekbaan en rugbyveld (geen meer donker kolle nie) met 'n gemiddelde ligvlak van 220 lux wanneer dit op volsterkte aan is.
- Die ligte kan op 70% of 50% van die maksimum ligvlakke aangeskakel word.
- Anders as die ou gasontladingslampe skakel die LED-ligte dadelik tot volle helderheid aan.
- Al die ligte word gelyk aangeskakel.

KAMERA

Die Hoërskool Menlopark is 'n spilpunt van bedrywighede waar aktiwiteite soms voor sonop begin en dikwels na sononder eindig. Elke Menloparker word opnuut daaraan herinner om waaksaam te wees en binne die skoolterrein vir hulle ouers te wag. As addisionele veiligheidsmaatreël is daar onlangs veiligheidskameras wat oor Atterbury-, Lynnwood- en Rosemaryweg uitkyk op die drie hoeke van die skoolterrein geïnstalleer.

Die kamerastelsel is deur CSI, die skool se sekuriteitsdiensverskaffer, verskaf en word deur hulle gemoniteer. Die kameras bestaan uit oorsigkameras wat videobeelde van aktiwiteit in die straat gee en nommerplaatherkennerkameras. Menlo-sekuriteit, sowel as CSI se beheerkamer, het toegang tot die kameras.

Die nommerplaatherkenningstelsel is aan 'n nasionale netwerk gekoppel en enige voertuie wat om die skool verskyn en wat voorheen met 'n misdaad verbind is, sal 'n rooi vlag in CSI se beheerkamer laat opskiet. CSI se reaksievoertuie is altyd in die omgewing en sal dan blitsig tot **AKSIE** oorgaan.

OP MENLO-BODEM

MENLO-GRASBAAN VIR GETROUE DIENS VEREER

Die skool se getroue grasbaan is op 14 Oktober vanjaar tydens ‘n spesiale seremonie vereer en die atletiekerfenismuur is ingehuldig. Baie dankie aan me. Gisela Rolfes van die Menlobond vir haar reëlings en inisiatief. Lees gerus meer oor die merkwaardige baan.

- Menlo se 440 treë grasbaan is in die laat 1960’s gebou en is as een van Suid-Afrika se beste grasbane beskou.
- Die 110 treë wedloop is destyds van suid na noord aan die oostelike pylvak gehardloop
- Menlo se ikoniese pawiljoen is in 1974 voltooi.
- Die metrieke stelsel is in hierdie tyd ingestel en nuwe afstande is in gebruik geneem. Die 100 m-wedloop is na die westelike pylvak verskuif en word sedertdien van noord na suid gehardloop.
- Voor die grasbaan gelig is, is ‘n sooispitseremonie op 25 Julie 2023 tydens die skool se sestigjaarvieringe gehou. ‘n Stukkie van die oorspronklike grasbaan is behou en aan die voet van die erfenismuur geplant.
- Die blitsblou sintetiese baan is op 4 Februarie 2024 in gebruik geneem.

Die erfenismuur is deel van die destydse skietmuur waar Menloparkers tydens kadette geskiet het. Die skool het agtien .22-gewere vir die lede van die seun- en dogterskietspanne gehad.

Die inhuldiging van die erfenismuur is onder andere deur mnr. Fanus Booysen en sestien eertydse rekordhouers bygewoon. Mnr. Booysen was van 1966 tot 1979 as onderwyser aan die skool verbonde en van 1981 tot 1983 as hoof. Hierdie murg-en-been-Menloparker het ‘n integrale rol in die skool se atletiekgeskiedenis gespeel. Hy is in 1978 met die gesogte Presidentstoekenning vir Afrigter van die Jaar vereer — die enigste persoon wat hierdie toekenning ontvang het en nie ‘n professionele afrigter was nie. #menlotrots

AKADEMIE

MATRIEKS TYDENS GRAAD 12– AKADEMIESE TOEKENNINGSAAND VEREER

Dit is tradisie op Menlo-bodem om die matrieks wat 'n gemiddeld van 75% en hoër deur die jaar handhaaf na die akademiese toekenningsaand te nooi. Vanjaar het nie minder nie as 159 matrieks hierdie mylpaal behaal. Vir die afgelope twaalf jaar trap ons matrieks diep akademiese spore en nou staan hulle op die drumpel van 'n nuwe avontuur.

Dit was vir die skool 'n voorreg om vir oulaas by die Graad 12-toekenningsaand by hierdie groep se akademiese prestasies te vertoef en terug te kyk na die landmerke tussen graad 1 en matriek. Die skool spreek graag 'n woord van waardering teenoor me. Tanya Matthysen (organiseerder), me. Ermyntrude Foord (seremoniemeester), ds. Stephan Truter (opening) en mee. Michelle Scholtz en Almarie Fourie (verversings) vir hulle aandeel aan die aand se sukses uit.

Die werk van dosyne onderwysers, van graad 1 tot 12, is duidelik in elke leerder se prestasie sigbaar. Hef aan lê nou voor en die Insig vertrou saam met die matrieks dat hulle akademiese drome vir 2025 bewaarheid sal word.

Spesiale toekennings

100%-skoolbesoek
Salma Onaceur

Laureatus: Agt vakke
Melike Spies (94,46%)

Tweede hoogste prestasie (gr. 12)
Melike Spies (94,61%)

Dux-leerder: Veelsydigste dogter
Isabeau van Helsdingen

Beste prestasie van gr. 8 – 12
Melike Spies (94,81%)

Laureatus: Nege vakke
Andries Beyers (94,01%)

Dux-leerder: Akademie
Wilna Beetge (95,62%)

Dux-leerder: Veelsydigste seun
Andru Keun

AKADEMIE



TOP-10-FUNKSIE

Op Menlo-bodem word alle Menlo-parkers wat gedurende die jaar op die top-10 was tydens ‘n spesiale funksie onthaal. Sarina Bosman, gewilde radio-omroeper by GROOTfm, het die Parkies met wyse lewensraad bedien. Hier volg ‘n opsomming van haar raad.

1. "Spotlight effect"

Ons is so geneig om te dink dat die kollig altyd op ons is en dat ander mense gedurig besig is om ons dop te hou. Die geheim is, ander mense dink presies dieselfde. Die kollig is nie heeltyd op ons nie. Hou op wonder wat ander dink - want hulle dink ook net aan hulself.

2. Kyk na jou liggaam

Jou liggaam is jou enigste woning hier op aarde. Dit wat jy in jou liggaam sit en aan jou liggaam doen, het dikwels 'n blywende impak. Drink genoeg water. Eet gesond. Kom in 'n gewoonte om gereeld te oefen. Jy sal nooit spyt wees nie!

3. Moenie oor die toekoms bekommer nie

Om te bekommer oor die toekoms, is sinneloos. Indien jy bekommerd is oor iets en dit gebeur nie, was jy verniet bekommerd. En indien dit wel gebeur, was dit nie nodig om twee keer bekommerd te wees nie. Beplan vir die toekoms na die beste van jou vermoë, maar moenie bekommer nie.

4. Slaap is belangrik

Te min slaap vertraag liggaamlike prosesse. Jou brein is nie so skerp soos wat dit moet wees nie en dit kan selfs jou persoonlikheid beïnvloed. Probeer om reeds vroeg in jou lewe 'n gesonde slaaproetine te vestig.

5. Dankbaarheid vs. Vrees

Het jy geweet, die deel in die brein wat geaktiveer word wanneer 'n mens bang of bekommerd is, is dieselfde deel wat werk wanneer 'n mens dankbaar is? Dus kan die twee gevoelens nie op dieselfde tyd beleef word nie. Wanneer jy dus angstig raak, is dankbaarheid die beste teenvoeter. Daar is altyd iets om voor dankbaar te wees.

6. Probeer om iets uit elke situasie te leer

Alles in die lewe verloop nie altyd volgens plan nie. Die beste wat ons kan doen, is om te probeer leer uit dinge wat dalk skeefgeloop het sodat daar volgende keer 'n ander uitkoms kan wees.

7. Moenie jou innerlike krag onderskat nie

Jy het reeds 100% van die slegste dae van jou lewe oorleef. Dis 'n indrukwekkende baanrekord!

8. Kies 'n werk wat jy geniet

'n Mens spandeer byna 'n derde van jou lewe aan slaap, 'n derde by die werk en 'n derde aan dinge wat jy geniet. As jy dus nie 'n lekker bed het of goed slaap nie, en jy hou nie van jou werk nie, is jy vir twee derdes van jou lewe ongelukkig! Vind 'n beroep wat vir jou vreugde en vervulling bring, verkieslik terwyl jy ook op 'n manier 'n verskil maak in ander mense se lewens.

9. Moet nooit jou geluk vind in iets wat jy kan verloor nie

Moenie jou vrede en vreugde anker aan dinge wat kan wegval nie. As jou geluk afhanklik is van iets buite jou beheer, leef jy met ‘n konstante vrees om dit te verloor. Ware stabiliteit kom wanneer jou waarde en blydskap gegrond is in iets wat nie kan wankel nie – soos geloof, karakter, dankbaarheid en jou eie groei.

10. Doen goed en wees gaaf

Doen goed, selfs wanneer niemand kyk nie, want dit vorm wie jy is. Wanneer jy vriendelik is, verander jy nie net iemand anders se dag nie, maar ook jou eie hart. Gaafheid kos niks, maar laat ‘n nalatenskap wat baie werd is. Hanteer alle mense met respek!

11. Moenie jouself met ander vergelyk nie

Vergelykings steel jou vrede, want jy meet jouself aan standaarde wat nooit vir jou bedoel was nie. Jy sien net ander se hoogtepunte, maar vergeet van jou eie groei en unieke

pad. Fokus op wie jy vandag is teenoor gister, nie wie jy is teenoor iemand anders nie.

12. Beheer wat jy kan beheer

Wanneer jy jou energie fokus op dinge wat wél in jou hande is, verminder jy onnodige stres. Dit is bevrydend om te besef jy hoef nie alles reg te ruk nie – net jou houding, reaksie en keuses. Laat gaan wat buite jou beheer is, en rus in jou eie verantwoordelikheid.

13. Die duiwel kan nie hoor wat jy dink nie

As jy daaraan glo, is dit 'n herinnering dat nie elke vrees of negatiewe gedagte krag het nie. Jou woorde dra gesag, daarom is dit belangrik om lewe, waarheid en geloof hardop te verklaar. Wees versigtig waarmee jy met jou mond en aksies saamstem, want dit is hoe die duiwel weet wanneer hy 'n pyl skiet wat tref.

14. "Enjoy being in the process of becoming"

Moenie so jaag om die einddoel te bereik dat jy die reis miskyk nie. Dit is juis in die tussenin – die deurmekaar, onseker en mooi dele – waar jy besig is om te ontwikkel. As jy leer om die groeiproses te geniet, voel die eindbestemming nie meer soos die enigste beloning nie. Vind vreugde in die klein dingetjies van die lewe.

15. Wat in jou hart aangaan bepaal jou hele lewe

Wat jy in jou hart toelaat, vorm hoe jy dink, reageer en leef. Onverwerkte seer, jaloesie, bitterheid of vrees kan jou keuses en verhoudings beïnvloed. Maar as jou hart vol waarheid, genesing en goedheid is, loop jou hele lewe in 'n ander, positiewe rigting.

JUNIOR AFRIKAANSOLIMPIADE



Baie geluk aan Menlo se taalvaardige graad 8- en 9-leerders wat uitstekend gevaar het.

Top-20-Gauteng

Ruan Nieuwenhuys	6de	Nelita de Bruin	12de
Libby Pienaar	12de	Sophia Davies	16de
Lené Meiring	19de		

Top-100-nasionaal

Ruan Nieuwenhuys, Nelita de Bruin, Libby Pienaar, Sophia Davies, Lené Meiring, Divan Heyl, Emily de Jager, Lara Moolman, Keilah Visser, Raine Smit, Miané Campher & Marietjie Mahne.

JUNIOR NW-OLIMPIADE (18 OKTOBER 2025, JEPPE PREPARATORY SCHOOL)

Baie geluk aan Ruan Nieuwenhuys, Divan Heyl en Zani Dicks wat as wenners van die provinsiale ronde uit die stryd getree het.

AKADEMIE

ROBOTIKA: FIRST LEGO LEAGUE GAUTENG CENTRAL (25 OKTOBER 2025, UNISA)

Jy is nie verkeerd as die name, Terra-X en Espada, jou aan wetenskapfiksie laat dink nie. Dit is egter nie karakters uit die nuutste Star Wars-fliek nie, maar Menlo se spanne wat aan die provinsiale ronde van die First Lego League-robotikakompetisie deelgeneem het. Albei spanne sal op 5 & 6 Desember by die nasionale ronde in Johannesburg in aksie wees.

Terra-X Algeheel: 3de Robot performance: 3de

Jacques van Heerden, Esjee van Heerden, Ruan Nieuwenhuys, Hanru van Wyk, Sebastian Blignaut, Ryan van der Valk, Lene Meiring, Nathan Bornman & Harrich Pretorius.

Espada Robotontwerp: 3de

Jacques de Jager, Daniel Green, Tristan Campbell, Divan Heyl, Christiaan Botha, Kylie Botha, Karien Steenkamp, Nelita de Bruin & Kiana Pretorius.

SOUTH AFRICAN MATH OLYMPIAD

Baie geluk aan Erik Senekal met die volgende prestasies in die senior afdeling

Gauteng 1ste

Nasionaal 2de

KULTUUR

MENLO-MUSIEK-AKADEMIE HOU AFSLUITINGSKONSERT

Menlo se musiek-akademie het die jaar op 24 Oktober 2025 op ‘n hoë noot met ‘n genotvolle konsert afgesluit. Konsertitems was verteenwoordigend van die instrumente wat by die akademie aangebied word en ‘n getuienis van harde werk en toewyding. Baie geluk aan die Menlo-musiek-akademie met talle suksesverhale!

PACISA-SANGKOMPETISIE

Melinda Erasmus	Goud	Broadway, Open, Original & Other language

KOSHUIS

KOSHUISDINEE: MENLOPARK? NEE, HOLLYWOOD!

Menlo se koshuis is veel meer as ‘n dak oor die kop en heilsame maaltye saam met maats. Dit is ‘n tuiste waar lewenslange vriendskapsbande gesmee, uitdagings gedeel en suksesse gevier word.

Die koshuisdinee – een van die hoogtepunte op die koshuiskalender – is die ideale geleentheid om ‘n verbeeldingsvlug na Hollywood-swier te neem. ‘n Skoolsaal is beswaarlik ‘n plek waar Hollywood-sterre kan sosialiseer en met die hulp van ‘n paar koshuisvrywilligers is die saal in ‘n japtrap in ‘n toneel uit die glansryke filmstad omskep. Daarby is elke koshuisleerder met ‘n ster op die rooi tapyt vereer.

Die koshuisdinee van 2025 was uit die boeke. Ons maak gou weer so!





SPORT

OLIMPIESE PROEWE? NEE, MENLO-UITNODIGINGSGALA!

Verbygangers sou verlede Saterdag maklik kon dink dat Die Hoërskool Menlopark gasheer vir die volgende olimpiese proewe speel.

Die stortvloed van talent en entoesiasme wat op Menlo-bodem toegesak het, was egter nie aan swemproewe te danke nie, maar aan die skool se Sewentiende Jaarlikse Uitnodigingsgala wat mededingers van heinde en verre gelok het.

Met soveel talent kan die Uitnodigingsgala in die toekoms netsowel as olimpiese proewe dien.

Deelnemende skole

Die Hoërskool Menlopark, AHMP, Benoni High School, C & N Sekondêre Meisieskool Oranje, Grey College Sekondêr Bloemfontein, Hoërskool Garsfontein, Hoërskool Zwartkop, Midstream College, Northcliff High School, St Andrew's School (for Boys) Bloemfontein, Paul Roos Gimnasium, Rhenish Girls' High School, Eunice High School & Hoërskool Sentraal.



TENNIS: GAUTENG-NOORD-POSISIES (2026)

Na afloop van die Gauteng-Noord-hoërskoletoernooi staan sake soos volg:

Seuns o. 19	Joshua Smit	1	Kelly Mostert	3			
Dogters o. 19	Megan Fourie	2	Mika Keet	6	Melissa Meyer	7	
Dogters o. 15	Nina Jv Vuuren	3					

SPORT

ATLETIEK: TIEN UIT TIEN VIR MENLO BY KWAGGA TOP-10

1. Die Hoërskool Menlopark
2. Hoërskool Outeniqua
3. Paarl Gimnasium
4. Hoërskool Durbanville
5. Hoërskool Stellenberg
6. Hoërskool Parel Vallei

Top-10-Menlo-prestasies

Megan Nieman	100 m-h	1 000
Jaco van Dyk	Diskus	1 000
Joshua Gerber	Diskus	1 000
Erik Senekal	Gewigstoot	943
Karla Bouwer	400 m-h	934
Shiloh Snyders	Gewigstoot	930
Sunel Burger	90 m-h	920
Daniella Fourie	Gewigstoot	911
Ruvé van der Ende	100 m	888
Taelyn Smith	Hoogspring	880

Spesiale toekennings

Shiloh Snyders
Beste dogtersveldatleet (o. 15)

Jaco van Dyk
Beste seunsveldatleet (o. 15)

Joshua Gerber
Beste seunsatleet (algeheel)

SPORT

SPORTPRYSUITDELINGSFUNKSIES

Menloparkers is presteerders dit kan julle glo... Hulle hou een maal per jaar 'n prysuitdeling en dan maak hulle so...

Menlo se sportspanne het die prestasies vanjaar behoorlik laat inrol en dit was verlede week tyd om die trofeë wat die spanne gedurende die seisoen verower het by die onderskeie toekenningsfunksies uit te deel.

Almal weet dat 'n toekenningsfunksie op Menlo-bodem 'n gesellige affêre is: Tafels word gedek om die Parkies se prestasies te vier, terwyl die ouers hartlik saamkuier. Die Insig lewer vandeesweek verslag oor die hoogtepunte van sommige van die prysuitdelingsfunksies.

Hartlik geluk aan elke speler wat Menlo vanjaar op die veld verteenwoordig het asook die spelers wat toekennings ontvang het. Die afrigters verdien 'n pluimpie vir hulle bydrae tot Menlo se sportsukses. #dankiemenlo

NETBAL

Akademiehoof
Me. Eleanor du Toit

Junior speler van die jaar
Katelin Robinson

Senior speler van die jaar
Lente Kroukamp

Kaptein van die jaar
Minette Boshoff

RUGBY

Akademiehoof
Mnr. Dirk Odendaal

Span van die jaar
O. 19A

Junior 7's-speler van die jaar
Braam Prinsloo

Senior 7's-speler van die jaar
Mendriano Abrahams

Junior speler van die jaar
Braam Prinsloo

Senior speler van die jaar
JN van Wyk

Menlo-speler van die jaar
Leskin Samuels

Leskin Samuels verdien spesiale vermelding. Hy is in die SDC-Noord-vaalspan ingesluit en as die beste buitesenter in die SDC-reeks aangewys.

HOKKIE

Akademiehoof
Mnr. Brad Brook

Dogterspeler van die jaar
Madelie de Beer (o. 14)
Sophia Davies (o. 15)
Micke Jansen van Vuuren (o. 16)
Zoë Badenhorst (o. 18)

Uitsonderlike prestasie van die jaar
Annika Kloppers

Seunspeler van die jaar
Heinrich Vögel en Aryn Matthee (o. 14)
JC Bennett (o. 16)
Jan Lourens (o. 18)

MENLO-HOKKIE-AMBASSADEUR OP PAD NA MALEISIË

Annika Kloppers vertrek vandeesweek na Maleisië waar sy SA by die Mirnawan Cup in Maleisië sal verteenwoordig.

Baie geluk!

SPORT

WILDEKLAWER NOORD SUID KRIEKETTOERNOOI

Baie geluk aan die skool se T20-krieketspelers wat die skool se eer by die Wildeklawer-toernooi verdedig het.

RUITERSPORT

UITSLAE: SANESA NATIONALS CORE LEAGUE (7-10 Oktober 2025)

Lize Coetzee (Dolarch Top of the Mars)

Showjumping 90 cm Pony	1ste
Showjumping 90 cm Pony	2de
Working Riding	2de
Equitation 70cm Pony	3de
In hand Utility	8ste

Annebelle Botha (Baobab)

Hunter 70 cm	2de
Working Riding	5de

Anika de Souza (ZEC de la Rey)

Showjumping 70 cm Horse	2de

Micaela Cloete (Charlie Brown)

Showjumping 70 cm Pony	3de
Showjumping 70 cm Pony	7de

Paige Durrant (Terrouges Dante)

Dressage 3rd level	5de
Dressage 3rd level	8ste
Prix Caprilli	8ste
Prix Caprilli	9de

Jessi Strydom (Bold Winter Dream)

Rising Stars Showjumping	3de
Rising Stars Showjumping	5de

PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

Baie geluk aan die volgende Menloparkers met 'n prestasie-allegaartjie:

MODEL

Zanté Uys verower elf toekennings by die Royal International Miss South Africa Teen-kompetisie.

TUIMEL

Bianca van der Westhuizen is gekies om Suid-Afrika by die Region 5 Games in Namibië te verteenwoordig.

TRAMPOLIEN

Anri Fourie is gekies om Suid-Afrika by die World Age Group-kompetisie in Spanje te verteenwoordig.

Ammie Lacante is gekies om Suid-Afrika by die Region 5 Gimnastiek-kampioenskap in Namibië te verteenwoordig

OOPWATERSWEM

Wian Bartleman het Suid-Afrika by die Africa Aquatics Junior & Senior Open Water Swimming Championships in Kenia verteenwoordig en die volgende prestasies behaal:

Aflos (o. 18)	Goud
5 km (15-16 jaar)	Silwer
3km (algeheel)	5de

DANS

Alyssa Blennies is gekies om Suid-Afrika by die Dance Connection World Dance Competition in Disney World te verteenwoordig.

MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

OBARO

oasis®

SAFARI OUTDOOR

PARKIEPRENEURS

EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK

MARKPLEIN

Boeke Oortrek – Professionele Diens in Faerie Glen, Pretoria

Moenie tyd mors om self boeke oor te trek nie – ek doen dit vir jou vinnig, netjies en professioneel

Pryslys per boek:

Klein oefenboeke	(A5):	R10.00
Groot oefenboeke	(A4):	R15.00
Handboeke	(A4 dik):	R22.00
Groot dik boeke	(A4 + hardeband):	R30.00

Belangrik:

- Gee asb minstens **2 dae** vir die diens.
- Indien jy korter tyd gee, vra ek **dubbel die prys per boek**.
- As ek self papier of plastiek moet voorsien, sal dit die bedrag verhoog.

Afhaal / Terugbring beskikbaar:

Ek gebruik SARS se voorgeskrewe koers (±R4.76/km).

WhatsApp 083 373 7656